

Preek 2 Mei 2021

Dr Annemarie de Kock-Malan

Tema: Kom, kyk!

Teks: Johannes 1:43-51

Ek wonder wie van u kan daardie plakkate onthou waarop die breë weg en die smal weg uitgebeeld word?

Ek weet dit was op 'n stadium 'n gewilde item wat in mense se huise opgesit was.

Ons was so rukkies gelede Noord-Kaap toe vir 'n troue en oppad terug het ons in Vanrhynsdorp by 'n plek gestop en in die badkamer was daar agter die deur so 'n plakkaat opgesit.

Ek het nogal wonder of dit nou 'n evangelisasie inisiatief was, dat hulle mense op so 'n manier wou bereik.

Mens sal nou nie weet nie.

Maar u sal miskien onthou dat aan die bokant van die plakkaat was daar 'n prentjie van 'n driehoek met 'n oog in wat nou veronderstel was om God uit te beeld as 'n God wat alles sien.

Of meer in die lyn van dat God jou dophou.

Dit skets ook die idee dat God ver is en uit die hoogte almal beskou en dat God nie werklik betrokke is by dit wat hier op aarde aan die gang is nie.

God kyk af na die mense wat op die breë en die smal weg loop.

Ons het nie so 'n plakkaat in ons huis gehad het nie, want my pa het altyd gesê hy hou nie van die manier waarop God met die oog uitgebeeld word nie.

Dalk was dit die prentjie van God wat jy as kind of as jongmens in jou kop gehad het. God, die oog wat jou dophou en wil kyk of jy op die smal weg bly deur nie sonde te doen nie ensovoorts.

Ek vereenvoudig dit nou heelwat.

Maar waarby ek wil uitkom is dat ja, dalk vanuit die Ou Testamentiese konteks kon die idee soms geskep word dat God daarbo is en hier op die aarde neerkyk, maar daar is verskeie tekste in die Bybel wat 'n ander storie oor God vir ons vertel.

Wat belangrik is om uit te klaar, is dat die Bybelse begrip “om te kyk” of “om te sien”, dikwels ‘n dieper betekenis het, veral dan nou in die Johannes evangelie waaruit ons netnou gaan lees.

En dit is dat dit verband hou met die begrippe “verstaan”, “om te ken” en nog dieper ‘n “intieme kennis” van iemand te hê.

Voordat ons by ons teksgedeelte vanoggend kom, wil ek vinnig na ‘n paar voorbeelde in die Ou Testament kyk waar daar hierdie getuienis van God bestaan wat op ‘n ander manier na mense kyk.

By die skeppingsverhaal, elke keer as God geskep het, staan daar: “en God het gesien dat dit goed is.”

God was tevrede met wat God geskep het.

Alreeds by die skepping is daar hierdie belydenis wat gemaak word van ‘n God wat intens by sy skepping betrokke is en dat hy dit mooi en goed en reg geskep het.

In Genesis 16, kry ons die verhaal van Hagar, die slavin van Sara.

Abraham verwek ‘n kind by haar wanneer hy en Sara sukkel om kinders van hulle eie te hê en Sara is jaloers op Hagar en sy jaag vir haar en haar kind die woestyn in.

Hierdie jong ma wat geen heenkome vir haar en haar kind het nie, ontmoet in die woestyn die Engel van die Here en daar, in haar nood, maak God aan haar ‘n belofte – die eerste vrou in die Bybel aan wie God dit alleen maak.

Nadat die Here vir Hagar hierdie belofte rondom haar seun Ishmael gee, staan daar in Genesis 16:13 die volgende:

13. Hagar het toe die naam aangeroep van die Here wat met haar gepraat het: “U is die God wat my sien.” Want sy het gesê: “Het ek Hom wat my sien, ook hier gesien?” 14. Daarom word die put Beër-Lagai-Roï genoem (put van die lewende wat my sien).

Hierdie slavinmeisie, wat mens kan sê ‘n heiden was, maak ‘n belydenis dat God die een is wat haar sien, die een is wat haar raaksien in haar nood, wat haar ken en vir haar ‘n uitweg gee.

En sy sien die God wat haar sien.

Sy herken en erken die God wat haar sien.

Die bekende Psalm 139 beskryf hoe God ons as sy kinders ken.

Vers 1 in die 1983 vertaling word vertaal met “Here, u sien dwarsdeur my, U ken my.”

Die 2020 vertaling sê: “HERE, U ondersoek my en U ken my.”

Gemeente, die God wat ons aanbid, is nie ‘n God wat daar doer ver op ons afkyk nie, nee, dit is ‘n God wat my ten diepste ondersoek, wat weet wat in my gedagtes en hart en emosies aangaan, wie se Gees in my werk.

Dit kan aan die een kant ‘n skrikwekkende gedagte wees – die Almagtige Here van die heelal ken elkeen van ons so diep en intiem.

Aan die ander kant kan dit vir ons ‘n geweldige troos wees dat daar iemand bestaan, die Here wat ons aanbid, wat ons wel so diep en intiem ken.

In Johannes 1:35 kry ons vir Jesus waar hy sy eerste dissipels roep.

Johannes die Doper is aan die woord en sê: “Kyk, daar is die Lam van God.”

Die twee dissipels van Johannes het toe agter Jesus aangeloop en toe hy hulle vra wat hulle wil hê, en hulle vra waar hy bly, toe sê hy vir hulle: “Kom, kyk.”

Weereens is daar die sinspeling op “sien” en “kyk” en om ‘n dieper verstaan te hê van wat hier aan die gebeur is.

Die Lam van God, die Messias waarvoor die Jode so lank gewag het, sê vir twee nuuskierige dissipels van Johannes die doper om te kom kyk.

Ook om te kom kyk wat God mee besig is en om saam op hierdie reis te gaan.

Andreas het vir sy broer Petrus gaan sê: “Ons het die Messias gevind.”

En ons weet uit die ander evangelies hoe dit gebeur het dat Petrus vir Jesus begin volg het.

Dan gaan Jesus Galilea toe en dit is waar ons skriflesing van vanoggend begin.

- **Johannes 1:43-51**

1.43 Die volgende dag het Jesus besluit om na Galilea toe te gaan. Hy kry toe vir Filippus en sê vir hom: “Volg My!” 44. Filippus was van Betsaida afkomstig, van dieselfde dorp as Andreas en Petrus.

45. Filippus kry toe vir Natanael en sê vir hom: “Ons het Hom gekry van wie Moses in die wet geskrywe het en van wie die profete ook geskrywe het. Dit is Jesus van Nasaret, die seun van Josef.”

46. Maar Natanael sê vir hom: “Kan daar uit Nasaret iets goeds kom?” “Kom kyk,” het Filippus hom geantwoord.

47. Toe Jesus vir Natanael na Hom toe sien aankom, sê Hy vir hom: “Hier is ‘n ware Israeliet, ‘n man in wie daar geen bedrog is nie.”

48. Natanael vra Hom toe: “Waarvandaan ken U my?” “Voordat Filippus jou geroep het,” antwoord Jesus hom, “toe jy nog onder die vyeboom was, het Ek jou al gesien.”

49. Toe roep Natanael uit: “Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel!”

50. Daarop sê Jesus vir hom: “Glo jy omdat Ek vir jou gesê het dat Ek jou onder die vyeboom gesien het? Jy sal nog groter dinge as dit sien.”

51. Verder sê Jesus vir hom: “Dit verseker Ek julle: Julle sal die hemel oop sien en julle sal die engele van God sien op-en afklim na die Seun van die mens toe.”

Johannes begin sy evangelie deur Jesus as die Woord te beskryf wat mens geword het.

Dit het vele eggo's met Genesis 1 wat die skeppingsverhaal bevat.

Die Nuwe Testament skrywers poog om op vele plekke dit duidelik te maak dat dit wat die wet en die profete oor die Messias gesê het, in Jesus Christus waar geword het.

In die Ou Testament kry ons dan hierdie belydenisse soos in Genesis 16 en Psalm 139 van God wat mense raaksien.

Wat mense ken.

Die verbondsgod wat uitreik na mense soos Hagar wat eintlik buite die verbond staan en sy wat bely dat God die een is wat haar sien.

Iemand wat moontlik deel gehad het van die verbondsgenade van God, soos die digter van Psalm 139, word ook hierby ingesluit.

- **Jakob se bedrog**

Hierdie verhaal van Natanael wat vir Jesus ontmoet klink baie eenvoudig.

Dit klink miskien soos 'n eenvoudige verhaal van 'n vriend wat sy vriend aan Jesus voorstel, maar hier is eintlik ander motiewe en 'n groter verhaal wat in hierdie storie verweef is.

Toe Jesus vir Natanael na Hom toe sien naderkom, sê Hy van hom: "Hier is 'n ware Israeliet, 'n man sonder bedrog."

Vir Natanael moes Jesus se woorde beslis uit die bloute gekom het.

Daar word nie 'n rede vir Jesus se verrassende woorde gegee nie.

Totdat ons onthou:

- dat die woord vir bedrog (dolos) in Genesis 27:35 in die Septuagint (Griekse vertaling van die Ou Testament) gebruik word om Jakob se bedrieglike optrede te beskryf. Daar staan letterlik: "Terwyl jou broer gekom het, het hy jou seën met bedrog gevat."
- dat Israel die naam is wat God later vir Jakob gegee het, en dat die naam Jakob van bedrieër afgelei is.

In Natanael, sê Jesus, het ons met 'n ware Israeliet, sonder bedrog, te doen.

Hy is nie soos sy voorvader, Jakob, wat Jesus hier in herinnering roep nie.

Ons dink aan die verhaal van Jakob se bedrog om die seën wat sy ouer broer, Esau, toegekomp het by Isak, sy pa, te steel.

Ons onthou hoe Jakob moes vlug, en moedeloos in die nag sy kop op 'n klip neergelê het.

Hy het van God en mens verlate gevoel.

Dalk het Jakob ook soos die volkere van sy tyd gedink gode is ook plekgebonde soos mense.

Hy kon voel hy is nie net van pa en ma en broer verlate nie, maar ook van God.

Hy het miskien gedink dat God ver is, dat God hom nie raaksien of ten diepste ken nie.

Toe hy tydens sy vlug aan die slaap raak, droom hy.

Hy sien 'n leer wat van die aarde tot die hemel strek.

Engele van God klim op en af met die leer.

Hy hoor dan die Here sê: "Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan."

Die Here gee Jakob die versekering dat Hy hom ken, sy God is, en met Hom sal wees. Toe Jakob wakkerskrik, sê hy die Here is op hierdie plek en hy het dit nie beseef nie:

Hoe skrikwekkend is hierdie plek! Dit is niks anders nie as die huis van God; dit is die poort van die hemel (Genesis 28:17).

Hy het beseef dat dit 'n heilige plek is, want God is daar.

Hy noem dan die plek Bet-El, wat beteken: Huis van God.

En God verander later sy naam van bedrieër na Israel.

- **Natanael ontmoet Jesus**

Dit was die betekenis wat opgeroep word wanneer Jesus Natanael 'n ware Israeliet sonder bedrog noem.

Om te dink hierdie einste Natanael was glad nie gretig om Jesus te ontmoet nie. Filippus vertel hom hulle het die Een ontmoet van wie Moses in die wet geskrywe het, en van wie die profete ook geskrywe het: "Dit is Jesus van Nasaret, die seun van Josef" (45).

Natanael is nie oortuig nie. "Kan daar uit Nasaret iets goed kom?," vra hy (46).

Ons lees in Johannes 7:52 dat die priesters en Fariseërs van oortuiging was dat geen profeet van Galilea kon kom nie.

Natanael is dalk in dieselfde kamp.

Hy dink nie die Messias kan uit Galilea, uit die dorpie Nasaret kom nie.

Hy was waarskynlik 'n godsdienstige Jood, wat kennis van die wet en profete gehad het, hy het waarskynlik die opleiding gehad soos alle ander Joodse seuns en die Ou Testamentiese geskrifte onder die Rabbi's bestudeer.

Hy het 'n verwagting gehad en daarom was hy moontlik verbaas toe Filippus sê dat Jesus uit Nasaret afkomstig is.

Dalk dink hy die Messias sou van die tempel af kom, uit die hoë godsdienstige gestoeltes, uit een van die priesterfamilies in Jerusalem.

Die Messias kan nie 'n *local boy*, uit een van die agtertangse gehuggies van Galilea kom nie.

Die verwagting van die Messias, soos dit wat Filippus hier aan Natanael noem, was groot onder die Jode.

Dit het 'n lang geskiedenis gehad.

Elke Jood in die tyd van Jesus se koms het die wens gehad dat die Messias sou kom en hulle veral van die Romeinse juk en onderdrukking sou verlos.

Dit wat Filippus vir Natanael sê nadat hyself deur Jesus geroep word om sy volgeling te word, reflekteer hierdie verwagting van die Messias, maar ook wie Natanael was.

“Kan daar iets goeds uit Nasaret kom?” was ‘n gesegde, iets wat ander Jode gebruik het om Nasaret en sy inwoners te spot.

Dit was moontlik ‘n agterlike plekkie wat maar sleg teen Jerusalem ander omliggende dorpe afgesteek het.

Dit was nie die mees waarskynlikste plek waar die Messias vandaan sou kom nie.

- **Kom kyk**

Filippus gee 'n goeie antwoord: "Kom kyk" (46).

Dit is ‘n skynbare eenvoudige antwoord, maar een wat Jesus net in die vorige gedeelte ook vir ‘n paar dissipels gesê het.

“Kom, kyk” beteken nie net om fisies met sy oë vir Jesus te sien nie, maar om insig te kry in wie hierdie man is en wat sy taak hier op aarde is.

Filippus nooi vir Natanael om self na die ware Jakob te kom kyk.

Wanneer Natanael naderkom om te kom kyk, spring Jesus hom voor.

Jesus beskryf hom as 'n man sonder bedrog.

Natanael is verstom: "Waarvandaan ken U my?"

Natanael het gedink hy sou die Messias op 'n afstand kon dophou, en 'n onafhanklike, objektiewe mening oor Jesus kon formuleer.

Dit gebeur nie.

Hy ontmoet 'n Messias wat hom reeds ken, wat hom reeds gesien het, en op hom wag om nader te kom.

- **"Ek het jou al gesien"**

"Waarvandaan ken U my?" Jesus se antwoord verstom Natanael: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy nog onder die vyeboom was, het Ek jou al gesien" (48).

In Genesis 16 maak Hagar die belydenis dat God ‘n God is wat haar sien.

Psalm 139 maak die belydenis dat God die een is wat ons sien en ken en ten diepste verstaan.

Hier, in Johannes 1, kom die God van die heelal en verklaar dat Hy die een is wat vir Natanael onder die vyeboom gesien sit het.

Ja, Natanael is genooi om nader te kom en te kom kyk, maar Jesus is die een wat die eerste inisiatief hier neem deur te sê dat hy hom alreeds gesien het.

Die teksgedeelte sê nie vir ons presies wat onder die vyeboom gebeur het nie.

Miskien was dit 'n laagtepunt oomblik in sy lewe wat iets gebeur het en hom ontstel het.

Dalk in sy geloof laat twyfel het.

Miskien het hy daar gesit en sy daaglikse oordenking gedoen en gewonder wanneer die dag sou kom wat hy die Messias sou sien.

Kan dit wees dat Natanael 'n ontmoeting met God onder die vyeboom gehad het?

Was dit 'n Godservaring, of – soos Calvyn sê – 'n aanduiding dat Christus ons op die onwaarskynlikste plekke raaksien?

Miskien was Natanael besig om die verhaal van Jakob te lees wat die engele sien op en af klim op die leer.

Dit is miskien die opsie wat die waarskynlikste was, omdat Jesus daarna verwys wanneer hy met Natanael praat.

Die punt is ons weet nie presies wat onder die vyeboom gebeur het nie.

Die fokus val egter op Natanael se reaksie.

Uit sy reaksie weet ons dat Jesus hom oorweldig het, en dat die wyse waarop Jesus hom alreeds "onder die vyeboom" gesien het, sy lewe verander het.

Dit gryp Natanael so aan dat hy nie net bely dat Jesus die God is wat hom sien nie, maar dat Jesus die Seun van God is, die koning van Israel, in essensie, die Messias waarna hy verlang het.

Dit is asof Natanael se hart 'n ommekeer maak van waar hy Jesus se afkoms betwyfel het – hoe kan die Messias van Nasaret afkomstig wees... na 'n belydenis dat Jesus wel die Messias is.

Die skeptiese Natanael roep uit: "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel!"

Wanneer Natanael ontdek dat Jesus hom reeds ken, breek sy lewe vir die Messias oop.

Maar dan vra Jesus vir hom eintlik hoekom hy dan nou glo dat hy die Seun van God en die Koning van Israel is.

50. Daarop sê Jesus vir hom: “Glo jy omdat Ek vir jou gesê het dat Ek jou onder die vyeboom gesien het? Jy sal nog groter dinge as dit sien.”

En dan maak Jesus die volgende punt deur weer na Jakob se droom te verwys.

Jakob het in sy droom ‘n leer gesien wat van die aarde tot in die hemel strek en die engele wat op en af daarop loop.

Hy het geweet dat hy op ‘n heilige plek staan en daarom noem hy die plek “huis van God.”

Die tempel was later “die huis van God.”

Wat Jesus hier vir Natanael sê is, jy het gedink dit is ‘n wonderwerk of ‘n groot ding toe Ek sê dat ek jou onder vyeboom gesien sit het, maar daar wag nog groter dinge op julle.

En dit is dat alles wat julle tot dusver van God, die een wat julle sien, geweet het, nog meer gaan word in die Seun van die Mens.

Julle sal die hemel oop sien die engele van God wat op en af klim na die Seun van die Mens toe.

Bet-El was nie meer God se blyplek op aarde nie, die tempel was dit ook nie meer nie, maar Jesus self is die verpersoonliking van God op hierdie aarde.

Hy is God se huis en so ook later die gelowiges met die uitstorting van die Heilige Gees.

Die plek waar hemel en aarde ontmoet, is in die Lam van God wat die sondes van die wêreld kom wegneem.

- **Ontdek dat God jou ken**

Natanael se ervaring laat mens aan die diep persoonlike ervaring van die aanbieder in Psalm 139 dink.

Here, U sien dwarsdeur my, U ken my.

Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom.

Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend.

Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees.

U omsluit my van alle kante, U neem my in besit.

Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip. (1-6)

U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder.

Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep.

Wat U gedoen het, vervul my met verwondering.

Dit weet ek seker:

geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmekaargeweef is diep in die moederskoot.

U het my al gesien toe ek nog ongeboore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.

Hoe wonderlik is u gedagtes vir my, o God, hoe magtig hulle almal!

As ek hulle sou wou opnoem – hulle is meer as wat daar sand is, en as ek daarmee klaar is, sou ek nog steeds met U te doen hê. (13-18)

Die digter het 'n intense besef dat God hom intiem ken.

God ken die digter nie alleen tot in die diepste van sy/haar gedagtes, planne en bewegings nie, maar God se kennis strek ook vanaf die voorgeboorte tyd.

Toe reeds was God as skepper by hom/haar betrokke.

Hierdie wete lei die bidder tot verwondering (17).

Die psalm roep nie tot 'n veraf god nie, maar kommunikeer persoonlik met God wat naby is, wat weet en wat die bidder omvou (5).

Dit is hierdie intense verwondering dat God by ons is, en ons diep ken, wat Hagar laat bely dat God die God is wat haar sien, wat Jakob op sy vlug laat uitroep: "Hierdie plek is Bet-el, die huis van God, die poort van die hemel."

Met dieselfde verwondering oor 'n God wat hom ken, roep Natanael: "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel."

Natuurlik het Natanael en Filippus nie toe al besef wat Natanael se belydenis werklik sou beteken nie.

Hulle het nie geweet dat die een wat hom onder die vyeboom gesien sit het, sou moes ly, sy lewe sou moes opoffer, die dood sou oorwin sodat ander ook kan beseef dat daar 'n Here is wat hulle werklik sien, hulle werklik ken en hulle oproep om te kom en te kyk wat God deur Sy Seun op hierdie aarde kom doen het.

Wat van jou en my?

Het jy al onder jou vyeboom opgestaan en nader gekom om te kom kyk?

En nie net te sien met jou twee oë nie, maar om met jou verstand te verstaan en met jou hart te begryp wie hierdie Jesus is wat die woonplek van God op aarde kom word het?

Wat hierdie God wat jou en my sien, naby gebring het, nader as ons eie vel?

Kan jy saam met Hagar, die psalmdigter van Psalm 139 en Natanael bely dat God jou sien en dat jy deur hierdie God geken wil word?

Want om uiteindelik op te staan en te kom kyk, beteken om in verhouding met die lewende God te staan en om hom te volg.

Om deel van God se verhaal met die mensdom en ons redding te word en om self kykbaar te leef.

Ons geloof kan nie net by bely bly nie.

Dit is belangrik, maar om jou belydenis te leef is net so belangrik.

Want, liewe gemeente, laat ons eerlik wees met mekaar.

Die wêreld kyk na ons as volgelingen van Jesus en sien wat ons doen.

Sal hulle deur ons lewens werklik die Lam van God sien en uitgenooi word om te kom kyk en toe te laat dat God hulle op so 'n diep intense manier kan ken?

Of sal mense wanneer hulle na ons kyk, se oë dof raak of verblind word om werklik die God te sien wat hulle sien?

Mag dit tog nie so wees nie.

Filippus nooi vir Natanael om te kom kyk.

Dit is ons taak om mense te nooi om te kom kyk, om 'n ontmoeting met die Here Jesus self te hê.

Wanneer ons as gelowiges ons lewe wy om Jesus blindelings te volg, dan gaan daar 'n wêreld vir ander oop.

'n Koninkryk van verlossing, vergifnis, vryheid en vrede.

Ja, ons is nie sonder sonde nie, maar ons word geroep om heen te wys na die een wat die sonde van die wêreld kom wegneem het.

God sien jou.

God ken jou, daar waar jy is.

Selfs al is jy besig om van Hom weg te hardloop omdat die wete dat daar 'n God is wat nie daar doer ver is nie, maar wat jou intens, intiem ken, vir jou te veel is.

Mag jy ook soos Hagar bely: U is die God wat my sien.

En soos Jakob: Hier is die huis van God.

Soos die Psalmdigter van Psalm 139: "Here, u sien dwarsdeur my. U ken my."

En soos Natanael: "U is die Seun van God, die koning van Israel."

En as die vyeboom vir jou 'n plek is waar jy 'n ontmoeting met God gehad het, of met afwagting wag en leef om te sien wat God deur jou kan doen, weet dan dat God jou ook sien.

En ken.

En liefhet.

Sodat jy en ek ons belydenis kan leef.

Amen